agra
SERVICE-RANGE-COUNTRYWIDE
RING
AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

REKORDPRYSE word behaal op AGRA STOETVEILINGS

Hoewel dit algemeen bekend is dat veilingspryse van grootvee die afgelope twee jaar gedaal het, het drie stoetveilings wat onlangs deur Agra aangebied is, bewys dat uitsonderlike resultate te midde van moeilike boerdery omstandighede nog steeds behaal kan word.

Die Nasionale Bonsmara Veiling is vanjaar weereens met groot sukses deur Agra aangebied. Tydens dié stoetveiling wat op 10 September by die Agra/Standard Bank Ring aangebied is, is 27 uitsoek Bonsmara bulle en 35 verse te koop aangebied.

Die volgende telers het bulle verkoop en die gemiddelde prys per bul behaal, was soos volg:

Teler	Bulle Verkoop	Gemiddelde Prys (N$)
GM Sigwart	3	26 000
J von Dewitz	3	12 333
EM Arnold	3	19 166
HP Deloch	2	17 750
E Freyer & Sons	1	12 500
RT Heiser	3	11 333.33
RL Horn	3	14 666.66
H Metzger	1	13 000
JFG Mostert	2	13 000
Totaal	**21**	**16 071 (Gemiddeld)**

Die 35 verse wat te koop aangebied is, het verhandel teen 'n gemiddelde prys van N$2 918.57.

Die hoogtepunt van die veiling was sekerlik die bul van Mnr. G.M. Sigwart wat teen N$43 000 aan Mnre. Roland Horn en Hans Deloch verkoop is. Die bul wat die tweede hoogste prys op die veiling behaal het (N$27 000), ook van Mnr. G.M. Sigwart, behoort nou aan Mnr. Ben Mouton. Die derde hoogste prys (N$21 000) is deur Mnr. Pieter Clausen betaal vir die stoetbul van Mnr. E.M. Arnold.

Die resultate van die 2004 Nasionale Bonsmara Veiling was uitstekend in vergelyking met die vorige jaar. Na aanleiding van die pryse behaal is dit duidelik dat die Bonsmara 'n beesras is om mee rekening te hou.

Nog 'n veiling wat groot belangstelling gelok het, was die Simmentaler Stoetveiling van Mnr. Sydney Martin, wat op 20 Augustus by die Agra/Standard Bank Ring aangebied is. Van die 107 diere wat te koop aangebied is, is 98 verkoop. Mnr. Willie Prosser het die duurste Simmentaler stoetbul gekoop vir 'n prys van N$60 000. Die hoogste prys (N$12 000) vir 'n koei en kalf is deur Ds. M.C. Steyn betaal, terwyl Mnr. N.U. Kandorozu N$8 500.00 vir 'n Simmentaler vers betaal het.

Dié Simmentaler stoetbul van Mnr. Sidney Martin, wat deur Mej. Namibië (Adel Basson) in die ring begelei is, het 'n rekordprys van N$60 000 behaal

Mnre. Roland Horn en Hans Deloch het dié bul van Mnr. G.M. Sigwart tydens die Nasionale Bonsmara Veiling gekoop, vir N$43 000

V.l.n.r.: Mnr. Eddie Reed (Stoetvee Afslaer), Mnr. Kiep Lepen (Bestuurder: Stoetvee Dienste) en Mnr. Diethelm Metzger, teler van dié Simbra bul wat die hoogste prys ooit in Namibië (N$62 000), behaal het saam met die Touleier, Mnr. Isaak Richter

Die gemiddeld van 22 Simmentaler bulle was N$13 969.36.

Mnr. Mecki Schneider was 'n gasverkoper tydens dié veiling en het twee Brahman bulle te koop aangebied. Die gemiddelde prys wat die bulle behaal het was N$13 000.

Mnr. Martin, die grootste Simmentaler teler in Afrika, word voorspoed toegewens met die teling van sy Simmentalers.

Dit was egter tydens die jaarlikse Central Select Veiling wat deur Agra op 15 September 2004 by die Agra/Standard Bank Ring aangebied is, dat die veilingspryse van stoetvee in Namibië herskryf is. Die hoogste prys ooit vir 'n stoetbul, N$62 000, is deur Mnr. George du Plessis van Suid Afrika betaal vir die Simbra bul van Mnr. Diethelm Metzger.

Mnr. Metzger, bekende Namibiese Simbra teler, het uitstekende veilingspryse vir sy prag diere ontvang. Buiten die hoogste prys wat sy stoetbul behaal het, het hy nog twee stoetbulle tydens die veiling teen N$41 000 elk verkoop. Die gemiddeld van die tien Simbra bulle wat hy aangebied het, was N$24 750.

Van die vyftien Simmentaler bulle wat te koop aangebied is, is die hoogste prys van N$30 500 vir 'n bul van Mnr. Stephan Voigts betaal. Die koper was Mnr. Nico Bredenkamp van Suid Afrika. Die gemiddeld van twaalf Simmentaler bulle het N$16 958 beloop.

Vyf Limousin bulle van die teler, Mnr. Sigi Wilkens, is ook tydens die veiling aangebied. Almal is verkoop en die gemiddelde prys was N$15 900. Die hoogste prys vir een van sy Limousin bulle (N$19 000) is deur Mev. E. Kober betaal.

Die gemiddeld van ses Brahman bulle wat deur H.J. Du Plessis & Seuns en Mnr. Sigi von Lüttwitz te koop aangebied is, was N$10 750. A&C van Wyk Farming het die hoogste bod van N$15 500 vir 'n Brahman bul van Mnr. Sigi von Lüttwitz aangebied.

'n Totaal van drie-en-dertig bulle is tydens die veiling verkoop teen 'n gemiddelde prys van N$18 030.

Agra wens al die stoettelers geluk met die uitsonderlike kwaliteit diere wat hulle op hierdie stoetveilings aangebied het. In besonder, gelukwense aan Mnr. Diethelm Metzger met 'n uitstekende prestasie wat 'n nuwe rekord vir stoetbulle in Namibië daar gestel het.

Editor's Note

Isn't it strange that time simply flies past us this time of year...before we know it we'll be singing Christmas carols and contemplating what to get our loved ones this time round. However, just before we start pulling out the Christmas socks, there are still many nights to pass and work still need to be done.

In our leading article the Agra Stud Services have shown that outstanding results are still obtainable, even though auction prices have decreased over the past two years.

Agra have also pledged their commitment to the Communal Farmers of Namibia together with seven other Namibian businesses. (Page 2) These contributions will be directed towards the two regional communal shows (Omaheke and Otjozondjupa).

The small stock marketing scheme as implemented by the Meatboard of Namibia, prohibits that the sheep cross the boarders without the necessary additional permits. Certain "border" issues have recently surfaced and to eliminate unnecessary costs and disappointments we report important issues to consider on page 2.

We would also like to remind you of the Annual General Meeting that will coincide this year with an Information Day at the Agra/Standard Bank Ring, so kindly diarise this event (11 November 2004) as additional information will be communicated in our next edition.

Greetings until our next issue

Lélanie Farmer
Marketing Officer, Agra Co-opertaive Limited
Tel. +264-(0)61-290 9299, Fax.+264-(0)61-290 9250
Cell. +264-(0)81 122 3621
E-mail: lelanie@agra.com.na

Namibian Companies Invest in Communal Farmers

Eight Namibian businesses collectively pledged N$200 000 towards the two regional communal shows (Omaheke and Otjozondjupa). This pledge consists of monetary as well as in kind pledges from a planned Sponsorship Consortium which will be formed from amongst the group of the eight businesses.

Back, f.l.t.r.: Jaco Labuschagne (Voermeester), Regan Mwazi (Agribank), Lelanie Farmer (Agra), Wylie Upi (FNB), Uschi Hoebeb (Meatco), Kavee Rijatua (Namibia Breweries) and Goliath Tujendapi (Meat Board). In front, l.t.r.: Benestus Kandundu (Chairperson of Otjizondjupa Farmers Union), NNFU - President Manfred Rukoro and Lesley Marukuaijani Kauandara (Chairperson of the Omahele Farmers Regional Union) Absent: Evans Simata (Sanlam)

Skaapbemarking oor die RSA Grens

Die spreekwoordelike kaas het geskuif in die bemarking van skaap uit Namibië - en is steeds besig om te skuif.

Die kleinveebemarkingskema soos deur die Vleisraad van Namibie geimplimenteer vereis dat skaap nie sonder die nodige addissionele permitte oor die grense kan gaan nie. Dit is ook moontlik dat bykans alle skaap binnekort in Namibie geslag sal moet word met min tot geen diere wat die land op die hoef sal verlaat nie.

Beide die Aranos abattoir en die OPN abattoir te Keetmanshoop sal met die ter perse gaan hiervan heel waarskynlik reeds in gebruik wees wat natuurlik die binnelandse slagkapasiteit aansienlik vergroot. Waar OPN en FMMHL gesamenlik sou verslag onder die Maatskappy Nam Products (Pty) Ltd, het 'n onlangse besluit van die OPN direksie aanleiding daartoe gegee dat OPN kontrakverslagting gaan doen en nie meer eksklusief vir Nam Products (Pty) Ltd sal slag nie. Dit mag moontlik 'n invloed hê op besluitnemings ten opsigte van die oprigting van verdere kleinvee abattoirs in die land.

Die behoefte aan die terugspeurbaarheid van vleis vereis identifikasie van diere en die RSA is veral ingestel daarop om Namibiese diere wat Suid Afrika binne gaan te identifiseer. Dit vra ekstra insette aan die Namibiese kant. Verder skerp die Suid Afrikaanse Veeartseny-dienste kontroles op die grens op om die RSA dieregesondheids status te beskerm. Dit skep nuwe soortige probleme aangesien ons tog nog maar geneig is om dinge soos in die ou dae te wil doen.

Sekere "grens"-gevalle doen hulle deesdae voor en om teleurstelling en onnodige kostes te voorkom, is dit straks goed om opnuut op die volgende te let:

Permitte
Skaap kan nie meer met bloot 'n Vleisraadpermit wat deur 'n agent namens die Vleisraad uitgereik is, oor die grens gaan nie. 'n Invoerpermit van die RSA, die gewone Vleisraad permit asook 'n addissionele Vleisraad permit, uitgereik deur die Vleisraad self, is nodig. Dit word natuurlik aangevul die Namibiese Veeartseny permit. Dit daar gelaat want dis meestal ou nuus.

Identifikasie
Diere moet aan een van die die volgende twee identifikasies voldoen:
'n Duidelik leesbare tatoëermerk in die oor (die volledige Vleisraad toegekende brand) of 'n metaal oorplaatjie met die geregistreerde brand korrek daarop uitgekap en wat aangevul word met 'n getatoëerde "N" in die oor. Verskeie vragmotors is al onlangs teruggestuur vanaf die grens omrede diere nie duidelik geïdentifiseer was nie.

Die brandmerk **SH** sal byvoorbeeld in die oor as **N** **SH/7** getatoëer word of op die **7**
metaal plaatjie gekap word.Die "**N**" vir "Namibië" moet duidelik losstaan van die brandmerk se letters. Die "**7**" moet met die "**/**" teken geskei wees wat aandui dat die "**7**" onder die "**SH**" verskyn. Letters wat op die "rug" of "sy" lê moet in daardie orientasie getatoëer word. Groen ink moet vir swartkop diere gebruik word. Die ink kan op die letters in die tatoëertang aangewend word met 'n tandeborsel of nog makliker deur dit op 'n stukkie spons te sit waarop die tang dan toegedruk word. Die spykers wat die letters vorm word dan as't ware geverf en laat meer ink in die oor agter wat uiteraard 'n duideliker merk laat. As die ink bloot aan die oor gesmeer word en dan met die tang gedruk word, het dit nie 'n duidelik leesbare merk tot gevolg nie. Te min ink dring met die metode die oor se weefsel binne.

Bosluise
Die invoerpermit na die RSA spesifiseer onder andere dat diere vry van bosluise sal wees. Die RSA kontroleer hierdie bosluise huidig baie streng en verskeie vragmotors is teruggestuur na die plek waar hulle gelaai het omrede beamptes bosluise aan die RSA kant van die grens op die diere gekry het. Dit loon nie om 'n kans hiermee te vat nie. Dis groot ongerief en kostes as hierdie vragmotors moet omdraai om nie eers te praat van wat met humeure en taalgebruik gebeur nie!

Invoere na Namibië
Diere wat vanaf buite die landsgrense kom moet teen die linkerwang (kleinvee) of linkerkant van die nek (grootvee) gebrand wees met die Namibiese Veeartseny voorgeskrewe brand nl. **(-)**. Die diere moet reeds hierdie brand hê wanneer hulle oor die grens kom. Sulke diere mag nie in Namibiese uitvoer-abattoirs geslag word nie. Veeartseny moet in kennis gestel word van invoere.

Ten Slotte
Dit is 'n gegewe dat dieregesondheid en 'n land se status rakende dit, baie groot impak op die bemarking van daardie land se vleis het. Beide Namibië en die RSA kyk met besorgdheid na hul onderskeie statusses en die produsente verwelkom juis dit. Dit impliseer egter ook dat almal in die vleisbedryf sal moet saamwerk en dat maatreëls wat in plek gesit word dan nie noodwendig as lastighede gesien word nie maar eerder as bydraend tot die behoud van markte.

MEATCO VOERMEESTER gesamentlike Inisiatief om deurset tydens droë maande te verhoog

Inleiding

Die besture van Voermeester en Meatco is dit eens dat 'n wen-wen geleentheid bestaan daarin dat al drie partye betrokke - Meatco, Voermeester en die vleisprodusent hul winsgewendheid kan verhoog deur die afronding en bemarking van diere in die najaar.

Meatco en Voermeester bied spesiale pakkette op vleispryse en voerpryse respektiewelik. Dit bied die boer boonop die geleentheid om vaste koste en rente per kg vleis geproduseer te verlaag deur die weidae te verkort en daardeur 'n hoër deurset per hektaar te verkry.

Die tegnologie om dit te vermag deur die voeding van die dier strategies aan te vul, is al deeglik beproef in Namibië, maar word nog nie wyd toegepas nie.

Omskrywing van Inisiatief

Die besture van beide ondernemings het die aangeleentheid bespreek en in beginsel is die volgende ooreengekom:

1. Spaar slagkapasiteit by beide Meatco-aanlegte is eers geredelik beskikbaar vanaf September 2004.
2. Die skema is van toepassing op addisionele verslagtings. Met ander woorde, 'n produsent wat reeds 'n allokasie kaart/kontrak het vir die tydperk September tot November kwalifiseer nie vir die skema nie, mits addisionele diere (bo 100% van ooreenkoms) aangebied word. Produsente wat nie 'n ooreenkoms/kontrak het nie, maar diere aanbied en 'n allokasie verkry, kwalifiseer vir die skema. Op hierdie addisionele diere geld 'n N$0.50/kg premium. Produsente wat bokant 'n bestaande ooreenkoms lewer verdien hierdie premie plus die agterskot geldig op kontrakverslagtings. Om te kwalifiseer vir die premie, moet diere verder aan die volgende vereistes voldoen:
   - Karkasgewig swaarder as 215kg
   - Ouderdomsgroepe A, AB en B-grade
   - Vetheidsgrade van een tot vier (1-4)
3. Voermeester het reeds die pryse van hulle afrondingsprodukte met ± 9% verlaag in Augustus. Voermeester onderneem verder om aan deelnemers die aanbevole produklyne teen hulle groothandel kontantprys beskikbaar te stel. Daarmee saam onderneem Voermeester om nie die pryse van die betrokke produkte tot en met November 2004 vir deelnemers van die inisiatief te verhoog nie.
4. Voermeester sal die produk beskikbaar stel teen die kontantprys en geen rente sal gehef word nie. Vereffening van die rekening vind outomaties plaas tydens verslagting.
5. Sou 'n produsent 34 beeste addisioneel lewer sal Voermeester 'n rabat/agterskot gee van N$1.00/50kg sak voer. Hierdie is onderhewig daaraan dat die produsent 'n minimum van 200 x 50kg voer aangekoop het. Vir 68 en meer beeste addisioneel gelewer sal Voermeester 'n rabat van N$2.00/50kg sak voer uitbetaal. Hierdie rabat is onderhewig aan 'n minimum van 400 x 50kg voerverbruik. Die minimum verbruik verwys spesifiek na die aanbevole afrondingsproduk.
6. Om te kwalifiseer vir die verlaagde voerprys hoef 'n produsent slegs sy allokasie kaart te toon. 'n Voermeester of Meatco personeellid sal dan tesame met die boer 'n afrondingstrategie bepaal. Slegs die voerverbruik so bereken sal vir die korting en spesifieke terme kwalifiseer. Die rabat is betaalbaar na fisiese lewering van die diere en sal outomaties van die voerrekening afgetrek word. Produsente wat verkies om 'n doodgewone kontant transaksie te doen, sal 'n 1% korting kry op die gekwoteerde prys gegewe die vereistes soos in 2 hierbo uiteengesit, word nagekom en 'n skema-aansoekvorm word voltooi.
7. Geregistreerde Voermeester handelaars sal ook deelneem aan die skema. 'n Produsent kan sy voer dus by sy naaste handelspunt bekom. Hy sal 'n leweringsnota van die handelaar ontvang wat na Voermeester deurgestuur word. Voermeester faktureer dan die produsent direk teen die Windhoek-prys soos gekwoteer plus vervoer na die spesifieke handelspunt. Vervoerkostes sal verkry kan word by u naaste handelaar.
8. Van produsente wat nie 'n Voermeester rekening het nie, sal verwag word om 'n Voermeester kredietaansoek in te vul. Van alle deelnemers sal verwag word om 'n skema-aansoekvorm in te vul en om 'n sessie op hul Meatco verslagting te teken wat Voermeester en Meatco magtig om die rekening na verslagting te verhaal. Voer kan eers gelaai word nadat die kredietaansoek goedgekeur is. Alle dokumentasie moet deurgefaks word na Stefan Nel (Faks: 061-262056). Genoegsame dokumentasie sal versprei word na handelspunte sodat produsente in hulle dorpe die proses kan voltooi. Aanbevelings kan telefonies of in persoon gedoen word deur:

Die volgende Meatco personeel kan ook gekontak word vir aanbevelings:

VOERMEESTER PERSONEEL

	SELFOON	TELEFOON
Walter Roodt	081 128 8456	(061) 218713
Danie de Lange	081 128 8713	
Stevie Pretorius	081 128 1202	
Willie Grobler	081 122 1227	
Jaco Labuschagne	081 124 6550	(061) 218713
Andrew Deacon	081 128 2963	(061) 218713

MEATCO PERSONEEL

	SELFOON	TELEFOON
Barend Dörfling	081 127 8806	
Bob Tjiuma		(067) 317689
Danie Opperman	081 127 8807/	(062) 562091
		081 242 8055
Hendrie Liebenberg	081 122 8804	(062) 501061
Koos Claassens	081 127 6146	
Laurens Swart	081 127 8805	(067) 302172
Paul Tjaimba	081 293 0493	(062) 562091

Die volgende produkte sal teen die prys soos in die tabel ex Windhoek beskikbaar gestel word.
Die prys soos genoem is voordat die rabat en transport in ag geneem is:

	GEWIG	SKEMAPRYS VOOR BTW	SKEMAPRYS NA BTW
Veldafrondkorrels	50kg	N$78.80	N$90.62
Super Afrondlek	50kg	N$75.50	N$86.83
Prima Produksielek	50kg	N$72.10	N$82.92

Meatco en Voermeester glo dat hierdie inisiatief definitiewe voordele vir die produsent inhou. Skakel gerus enigeen van die persone gelys vir navrae.

AGENDA

PLEASE NOTE:
General information relating to procedures applicable to the Annual General Meeting.

1. A discussion point submitted by a member should preferably be introduced by such a member in person to ensure proper motivation and discussion.

2. The result of the vote count for or against every motion and the result of the election of Directors and Members of the Supervisory Committee, will be determined at the meeting.

3. Retiring members of the Supervisory Committee who avail themselves for re-election as members of the Supervisory Committee or the Board, in whichever capacity, are deemed to be nominated automatically in the region he/she resides in.

4. Directors are elected according to the region he/she resides in.

5. The quorum will be determined at the meeting in terms of Section 22.10 of the Statute.

6. All proxies from members must be lodged not later than **09 November 2004 by 16:00** at Agra Head Office, Windhoek.

SERVICE·RANGE·COUNTRYWIDE

NOTICE OF THE TWENTY FOURTH ANNUAL GENERAL MEETING OF MEMBERS OF AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED

NOTICE is hereby given that the twenty fourth Annual General Meeting of members of AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED will be held at the place and date as mentioned below.

PLACE: WINDHOEK SHOW GROUNDS

DATE: 11 NOVEMBER 2004

TIME: 09:00 (Registration 08:30)

VENUE: AGRA/STANDARD BANK AUCTION RING

BY ORDER OF THE BOARD

R Van der Merwe
Secretary
Private Bag 12011, WINDHOEK
20 September 2004

1. Opening, welcome and constitution.

2. Approval of the minutes of the Twenty Third Annual General meeting of the members held on 27 November 2003 in Windhoek.
(Refer to the abovementioned minutes, available for inspection at all branches, 14 days before the meeting)

3. Approval of:-
   3.1 Financial statements as at 31 July 2004.
   3.2 Auditors Report.
   3.3 Auditors remuneration for the past financial year.
   3.4 Report by the Board of Directors.
   3.5 Report by the Supervisory Committee.
   3.6 Review by Mr JH Nieuwoudt, Chairman of the Supervisory Committee.
   3.7 Honoraria for Directors and Supervisory Committee members.
   3.8 Budget 2004/2005 (Refer to Annual Report which will be available for inspection at all branches, 14 days before the meeting)

4. Election of Directors

   Region 1 (North)
   Eligible for re-election: Mr JB Coetzee
   No other Nominations received

   Region 3 (South)
   One Vacancy
   No Nominations received

5. Election of members of the Supervisory Committee

   Region 2 (Central)
   One Vacancy
   No Nominations received

   Region 3 (South)
   Eligible for re-election: Mr JH Nieuwoudt
   No other Nominations received

6. Appointment of auditors for the 2004/2005 financial year.

7. Withdrawal of shares in terms of Section 10.3 of the By-Laws in respect of members who have ceased farming activities permanently. (Refer to information which will be available for inspection at all branches, 14 days before the meeting)

8. Withdrawal of shares in terms of Section 13.1 of the By-Laws in respect of members who have resigned as members of Agra. (Refer to information which will be available for inspection at all branches, 14 days before the meeting)

9. Motions
No motions have been received.

10. Subject to Section 22.1.5 of the By-Laws any other business that may be dealt with at an Annual General Meeting.
    10.1 Silos at Grootfontein

BY ORDER OF THE BOARD

R Van der Merwe
Secretary
PRIVATE BAG 12011,
WINDHOEK
20 September 2004

REGISTERED ADDRESS:
8 Bessemer Street, Private Bag 12011, Windhoek
BANKERS: Standard Bank Namibia Limited
AUDITORS: PricewaterhouseCoopers
ATTORNEYS: Engling, Stritter & Partners

SAKELYS

LET WEL:
Prosedure van toepassing op die Algemene Jaarvergadering vir algemene inligting:

1. 'n Beskrywingspunt wat deur 'n lid ingedien is, moet verkieslik in eie persoon ingelei word sodat dit behoorlik gemotiveer en bespreek kan word.

2. Die uitslag van die stemmetal ten gunste van of teen elke mosie en die uitslag van die verkiesing van direkteure en lede van die Toesighoudende Komitee, word op die vergadering bepaal.

3. Uittredende lede van die Toesighoudende Komitee wat hulleself beskikbaar stel vir verkiesing as lede van die Toesighoudende Komitee of die Raad, in watter hoedanigheid ookal, word outomaties as genomineerd beskou in die betrokke streek waarin hy/sy woonagtig is.

4. Direkteure word verkies volgens die streek waarin hy/sy woonagtig is.

5. Die kworum sal volgens Artikel 22.10 van die Statuut op die vergadering bepaal word.

6. Alle volmagte moet nie later nie as **09 November 2004 om 16:00** by Agra se Hoofkantoor in Windhoek, ingehandig wees.

SERVICE·RANGE·COUNTRYWIDE

KENNISGEWING VAN DIE VIER-EN-TWINTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN LEDE VAN AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK

KENNIS geskied hiermee van die vier-en-twintigste Algemene Jaarvergadering van Lede van AGRA (KOÖPERATIEF) BPK. wat gehou sal word op die plek en datum soos hieronder aangedui.

PLEK: WINDHOEK SKOUGRONDE

DATUM: 11 NOVEMBER 2004

TYD: 09:00 (Registrasie 08:30)

PLEK: AGRA/STANDARD BANK VEILINGSRING

IN OPDRAG VAN DIE RAAD

R Van der Merwe
Sekretaris
Privaatsak 12011, WINDHOEK
20 September 2004

1. Opening, verwelkoming en konstituering

2. Goedkeuring van die notule van die Drie-en-Twintigste Algemene Jaarvergadering van lede soos gehou op 27 November 2003 te Windhoek.
(Bogenoemde notule sal by die takke ter insae wees, 14 dae voor die vergadering)

3. Goedkeuring van:-
   3.1 Finansiële state soos op 31 Julie 2004
   3.2 Ouditeursverslag
   3.3 Ouditeurvergoeding vir die afgelope finansiële jaar
   3.4 Verslag van die Raad van Direkteure
   3.5 Verslag van die Toesighoudende Komitee.
   3.6 Oorsig deur Mnr. JH Nieuwoudt, voorsitter van die Toesighoudende Komitee
   3.7 Honorarium van Direkteure en Toesighoudende Komiteelede.
   3.8 Begroting 2004/2005 (Vergelyk Jaarverslag wat ter insae sal wees by alle takke 14 dae voor die vergadering)

4. Aanwys van Direkteure:

   Streek 1 (Noorde)
   Herkiesbaar: Mnr JB Coetzee
   Geen ander Nominasies ontvang

   Streek 3 (Suid)
   Een Vakature
   Geen Nominasies ontvang

5. Aanwys van Toesighoudende komitee lede.

   Streek 2 (Sentraal)
   Een vakature
   Geen Nominasies ontvang

   Streek 3 (Suid)
   Herkiesbaar: Mnr JH Nieuwoudt
   Geen ander Nominasies ontvang

6. Aanwys van ouditeure vir 2004/2005 finansiële jaar.

7. Intrekking van aandele kragtens Artikel 10.3 van die Statuut ten opsigte van lede wat boerdery permanent gestaak het. (Vergelyk inligtingstukke wat ter insae sal wees by alle takke 14 dae voor die vergadering)

8. Intrekking van aandele kragtens Artikel 10.3 van die Statuut ten opsigte van lede wat bedank het as lid van Agra (Vergelyk inligtingstukke wat ter insae sal wees by alle takke 14 dae voor die vergadering)

9. Mosies
Geen mosies is ontvang nie.

10. Kragtens Artikel 22.1.5 van die Statuut, enige ander besprekingspunte wat tydens 'n Algemene Jaarvergadering hanteer kan word.
    10.1 Silos te Grootfontein

IN OPDRAG VAN DIE RAAD

R van der Merwe
Sekretaris
PRIVAATSAK 12011,
WINDHOEK
20 September 2004

GEREGISTREERDE ADRES:
Bessemerstraat 8, Privaatsak 12011, Windhoek
BANKIERS: STANDARD BANK NAMIBIA BEPERK
OUDITEURE: PRICEWATERHOUSECOOPERS
PROKUREURS: ENGLING, STRITTER & VENNOTE

Takbestuurspan is gereed vir nuwe uitdagings

Met Agra se nuwe finansiële jaar wat in Augustus afgeskop het, is die Handelsafdeling gereed om geleenthede maksimaal te benut met 'n gemotiveerde span takbestuurders. In sommige gevalle is bestaande takbestuurders verplaas en in ander gevalle waar vakante posisies bestaan het, is nuwe takbestuurders aangestel. Ons maak graag van hierdie geleentheid gebruik om u voor te stel aan ons span takbestuurders.

Bestaande Takbestuurders en Assistent Takbestuurders:

Naam & Van	Vorige Tak	Huidige Tak	Tel. No.
Bonnie van Zyl	Outjo	Outjo	067-313 153
Duif Coetzee	Karibib	Karibib	064-550 025
Gillie Bassingthwaighte	Grootfontein	Tsumeb	067-221 586
Henk Louw	Aranos	Aranos	063-272 010
Jannie Fourie	Keetmanshoop	Keetmanshoop	063- 223 371
Joachim Tjimune	Opuwo	Opuwo	065-273 249
Johan Desconde	Aroab	Bethanie	063-283 038
Johan Leijenaar	Okahandja	Omaruru	064-570 233
Mariaan Jansen van Vuuren	Otjiwarongo	Grootfontein	067-242 171
Pieter Oosthuizen	Duikersvlei	Duikersvlei	062-561 671
Rens Fourie	Karasburg	Karasburg	063-270 075
Schalk Pienaar	Gobabis	Windhoek	061-290 9312

Verskeie van bogenoemde takbestuurders is al jare in diens van Agra en in die gevalle waar verskuiwing plaas gevind het, het dit hetsy met 'n bevordering gepaard gegaan of was dit die personeellid se versoek om verplaas te word.

Nuwe takbestuurders in diens van Agra is:

Naam & Van	Vorige Werkgewer	Huidige Tak	Tel. No.
André Coertzen	Agra Aranos	Mariental /Aranos	063-240 378
Dirk Coertzen	Afrox - Verteenwoordiger	Otjiwarongo	067-303 101
Jumbo Marais	Agra Karasburg - Aankoper	Koës	063-252 729
Leon Erasmus	Eie besigheid - Finansiële Konsultasies	Okahandja	062-503 087
Meyer Nel	Africa Personnel Services - Takbestuurder	Gobabis	062-562 751
Rodulf Brandt	Agra Otjiwarongo - Indiensopleiding	Otavi	067-234 097
Titus Julius	Agra Otjiwarongo - Indiensopleiding	Rehoboth	062-523 033

Hoewel André Coertzen as die nuwe takbestuurder op Mariental aangestel is, sal hy nog steeds die bestuursfunksie op **Aranos** behartig. Henk Louw, Assistent Takbestuurder op **Aranos** staan hom by in hierdie verband. **Aranos** lede en kliënte wat graag met André in verbinding wil tree, kan hom skakel by die Mariental tak of op sy selfoon, 081 122 3304.

Die aanstelling van 'n nuwe takbestuurder by die **Maltahöhe** tak is so te sê gefinaliseer. In die volgende uitgawe van die Ring sal ons meer oor die aanstelling skryf. Intussen neem Nico Rupping waar as takbestuurder op **Maltahöhe** en kan vir enige navrae gekontak word by 063-293 029.

Soos blyk uit die inligting van nuwe takbestuurders, is vier van die takbestuurders reeds 'n geruime tyd in diens van Agra. Hierdie personeel het egter deur hulle vermoëns en prestasie getoon dat hulle gereed is vir bevordering. Voorts dui dit ook op hoe Agra erkenning verleen aan sy personeel en loopbaan ontwikkeling interne toepas.

Agra bestuur verwelkom hiermee die nuwe takbestuurders en vertrou dat hulle loopbane in Agra nie net 'n nuwe dimensie sal aanneem nie, maar dat hulle ook hulle kundigheid tot voordeel van ons lede en kliënte sal toepas en ontwikkel.

KENNISGEWING

Vir ons lede en kliënte se gerief het Agra sy besigheidsure by ALLE takke op Saterdae verander.

Die nuwe besigheidsure op Saterdae is 8h00 tot 13h00

NOTICE

Agra has changed its trading hours at ALL branches on Saturdays, for our members and customers' convenience.

New trading hours on Saturdays are 8h00 to 13h00

Caring for Indoor Plants

Potted plants are extensively used for interior decoration in modern homes, apartments and offices. As these plants are removed from their natural habitat, it will be up to yourself to select feed and care for them to ensure that they flourish. The following are the most important aspects to consider for indoor plant care:

POTS

Selection of the most suitable containers should take the following criteria into consideration:

Size - the size of the container will limit the development of the root system, and the latter has bearing on the eventual size of the mature plant.

Type - obviously one would consider aesthetics, price and suitability for a specific room or application when selecting a container. Plants can flourish in most types of containers, whether they are made of clay, plastic, asbestos cement or concrete. Remember that plastic containers are impermeable, while the other types have varying degrees of porosity.

Drainage - too much water is harmful to most plants. Accordingly, measures should be taken to drain excess water. Drilling two or three holes (10mm diameter) through the bottom of the container will provide the necessary drainage. To prevent blocking of the holes or erosion of the soil, flat stones should be placed over the holes before filling with the potting medium. However, the design of certain modern plastic containers does not make provision for a tray. Drainage holes can therefore not be drilled and watering has to be carefully controlled.

POTTING MEDIUM

A good potting medium provides the root system with adequate air, water and food by having the capacity to retain these elements and make them available to the plant on demand. Garden soil does not normally have the physical properties or nutritive capacity to support potted plants. As a limited volume of soil is used only a sophisticated composite potting medium can cater adequately for the basic requirements of these plants.

Essentially a good potting medium contains balanced quantities of fine hygroscopic particles for water retention, and coarser elements for aeration. The medium must also be dense and firm enough to physically support the plant and it should be free of weeds, fungi and salts. There are many compounds, which can be used to make a good potting medium. Apart from organic materials such as peat, composted shredded bark and sawdust, expanded vermiculite and even plastics such as polyurethane foam and polystyrene chips are used to provide all the necessary properties

FEEDING AND PLANTFOODS

Due to the limited volume of soil available in the containers, potted plants are totally dependent on additions of plant food. A variety of plant foods are available, in different forms and with different concentrations.

POT PLANT BOOSTER TONIC

- Supporting product for optimal pot plant growth
- Active ingredient: Sea algae extracts; Herbal extracts; Natural complex for plants
- Area: All pot plants

DIRECTIONS FOR USE: Dosage as indicated (remarks)

- Shake the container well before use. Dilute 5 ml of **Pot Plant Booster** in 1 litre of water and apply to pot plants. Water pot plants once a month with this solution.

UNIQUE CHARACTERISTICS:

- 100% biologically degradable and in principle not harmful to humans, animals and plants.
- Because of the natural support of the physiological processes in the plant, **Pot Plant Booster** contributes to the optimal intake of nutrients and the development of the plant.
- Supports the condition and resistance of the plant.
- Supplements plants with important minerals and microelements.

PEST CONTROL

Pot plants are fairly susceptible to pests due to their protected environment. Small sap-sucking pests are most common and can normally be controlled by suing a systematic insecticide like **Aphicide** sprayed as a foliar spray onto the plants or Insecticide Granules applied to the potting soil. Alternatively, a general-purpose aerosol insecticide spray like **Garden Gun** or **Natural Insecticide Concentrate** as a contact spray can be used for quicker results. **Fungi Gun** can similarly solve a fungus problem. Very often poor drainage results in rootrot problems. **Fongarid** tablets dissolved in water can prevent such problems.

Pesticides should be stored in a safe place. Use as soon as pests are noticed to minimize damage to the plants. If the preceding advice and precautions are adhered to, your indoor plants will be a source of pleasure to you and the envy of others!

Huiswenke

- Voeg 'n bietjie suurlemoensap by wanneer jy aartappels met skil en al kook. Sodoende sal die aartappels mooi wit kook en geen vlekke sal in die pot agter gelaat word nie.
- Verdryf die moontlikheid van muf wat gevorm word in tuisgemaakte konfyt deur 'n lepel goue stroop bo-op die konfyt te gooi nadat in die flessie afgekoel het.
- Beskerm silwer messegoed deur hulle met kladpapier toe te draai. Dit voorkom dat hulle gou aanslaan.
- Spaar skoonmaak moeite deur jou elektriese broodrooster op 'n skinkbord te plaas. Na gebruik sal die krummels dan op die skinkbord val, wat makliker is om skoon te hou.

KIMTRAFOS 12

GOEIE WAARDE, ONVERBETERLIKE KWALITEIT!

'N TOP FOSFAAT-SPOORMINERAAL AANVULLING

Kimtrafos 12:

- Verryk met die belangrikste spoorminerale
- Kenmerkende melasse reuk en smaak
- Smaaklik sonder dat oormatige groot hoeveelhede ingeneem word
- Veelsydige aanwending

KK Animal Nutrition
'n KEMIRA GrowHow MAATSKAPPY

Innoverende oplossings in dierevoeding!

vennootskap • kennis • oplossings

KK Animal Nutrition (Edms) Bpk Reg. Nr. 1989/025611/07
Posbus 449, Umboginstwini, 4120
Tel: (031) 910 5100 | Faks: (031) 904 3741 | Webruimte: http://www.kkan.com | E-pos: kk@kkan.com

Kimtrafos 12. Reg. Nr. V1552

KEMIRA GrowHow

Namibiese Stoettelers bedank Borge

Tydens die Algemene Jaarvergadering van die NSV op 20 Augustus 2004 in Windhoek, het die Namibiese Stoettelers hul dank en waardering teenoor Standard Bank en die Vleisraad van Namibia bewys vir hul groot finansiële bydrae tot die implementering van Breedplan. Sonder hierdie borge sou dit nie moontlik gewees het om die stelsel aan te koop nie.

Tydens die oorhandiging van geskenke aan die instansies, het die Voorsitter van die NSV, Mnr. Ryno van der Merwe gewys op die positiewe impak wat die Breedplanstelsel op die totale stoetvee- en kommersiëlebedryf van Namibië gaan hê.

Mev. Carin de Klerk (Bemarkingsbestuurder van Standard Bank) ontvang 'n ruiker van Mnr. van der Merwe. Mev. De Klerk was en is steeds instrumenteel betrokke by die ondersteuning van Standard Bank aan die Breedplanstelsel

'n Stel van drie skilderye (op leer gebrand) is aan die Bestuurder van die Vleisraad, Mnr. Paul Strydom, oorhandig as blyk van waardering

Mnr. van der Merwe 'oorhandig n pragtige leertas aan die Besturende Direkteur van Standard Bank, Mnr. Theo Mberirua


16de Produksieveiling
Hochfeldstreek Bonsmaras
- Harald Metzger -
21 OKTOBER 2004
11:30
PLAAS: OMANTUMBA NO 134, HOCHFELD
20 UITGESOEKTE BONSMARA BULLE
15 DRAGTIGE BONSMARA VERSE
BONSMARA
agra

OTAVI STAR BULL AUCTION
Sponsored by:
10 Simmentaler Bulls
TO BREED WHAT YOU NEED
agra

VEILING
www.agra.com.na
KARAKOEL - RAMVEILING
ONDER DIE BESKERMING VAN DIE KARAKOELTELERSGENOOTSKAP VAN NAMIBIË.
HENDRIK DUVENHAGE
VRYDAG, 15 OKTOBER 2004
10:00
AGRA VEILINGSKRALE,
MARIENTAL
AANBOD:
36 SWART GEREGISTREERDE
KARAKOEL RAMME
NAVRAE:
George Pearson
063-241 551 of 081-122 3623
E-pos: georgep@agra.com.na
agra STOETVEEDIENSTE

VEILING
www.agra.com.na
KARAKOELRAM- & OOIVEILING
ONDER BESKERMING VAN DIE KARAKOELTELERSGENOOTSKAP VAN NAMIBIË.
ALGEHELE UITVERKOPING VAN BEKENDE
STAMPRIET KARAKOELSTOET
C.J.S. EN J.G. VAN DER WATH
VRYDAG, 22 OKTOBER 2004 - 10:00
PLAAS STAMPRIET
RAMME
29 SWART GEREGISTREERDE RAMME
4 SWART NIE-GEREGISTREERDE RAMME
1 GRYS GEREGISTREERDE RAM
1 WIT GEREGISTREERDE RAM
7 WIT NIE-GEREGISTREERDE RAMME
OOIE
855 SWART GEREGISTREERDE OOIE
72 GRYS GEREGISTREERDE OOIE
84 WIT GEREGISTREERDE OOIE
±650 SWART KOMMERSIËLE OOIE
±20 GRYS KOMMERSIËLE OOIE
±250 WIT KOMMERSIËLE OOIE
NAVRAE:
George Pearson
063-241 551 of 081-122 3623
E-pos: georgep@agra.com.na
agra STOETVEEDIENSTE

HOCHFELD GESAMENTLIKE PRODUKSIEVEILING
L van Heerden
☎062 - 549 082
10 Brahman Bulle
C & N Fischer
☎062 - 549 082 / 081 127 0019
10 Brahman Bulle
S P Swanepoel
☎062 - 549 084
4 Limousin Bulle
H Riedel
☎062 - 568 853
5 Simmentaler Bulle
19 OKTOBER 2004 * 11:00
F Gönzel
☎067 - 240 272
5 Simmentaler Bulle
Ombika Herefords
H Kobbai
☎067 - 306 210
4 Hereford Bulle
R Dörgeloh
☎067 - 306 631
3 Hereford Bulle
A T Heiser
☎062 - 549 073
5 Bonsmara Bulle
KOMMERSIËLE BRAUNVIEH / BRAHMANVERSE
PLAAS: OKONGEAMA
D Delport
☎062 - 570 325
2 Braunvieh Bulle


OMATAKO BRAHMANS
19de Produksieveiling
13 Oktober 2004
11:00
Plaas: Ovigere, Kalkfeld distrik
20 Wit Brahman Bulle
250 Boerbokke
Gasverkopers
K Kretzschmar
agra

Khomas Gesamentlike Produksieveiling
26 Oktober 2004
11:00
Agra/Standard Bank Ring, Windhoek
Hereford
Gasverkopers
agra
Name:
Klep Lepen
061 - 290 9220 / 0811 240 648
E-pos: klep@agra.com.na
Gert van Wyk
061 - 290 9252
Eddie Reed
061 - 252 606

1ste Gesamentlike Produksieveiling
(Mev E M Arnold & J Sigwart)
- Onder beskerming van die Bonsmara Telersgenootskap -
32 Bonsmara Bulle
20 Kommersiële Verse
(By bulle geloop)
28 Oktober 2004
11:00
Agra/Standard Bank Ring, Windhoek
agra

Losgoedveiling

Van: Mnr Hendrik Botma

DATUM: Donderdag, 14 Oktober 2004 **TYD:** 10:00

PLEK: Plaas Zamekomst, Koës

WWW.AGRA.COM.NA

VOERTUIE:

1989 Toyota Hilux 2.2 (4X4) - Skaaptrailes, jagtrailes & skietrak
Ford F 250 Platbak & skaaptrailes (150 000km)
Sleepkar met skaaptrailes * 1 000 Liter Waterkar
Jeep Wrangler met kappie & trailie
Massey Ferguson 165 Trekker (3 600 uur)
Dreyer Boormasjien (lang toring) met Steyr Diesel enjin (baie goeie toestand)
Canopy King langbak kappie Mazda (baie goeie toestand)

IMPLEMENTE:

Vetsak Hammermeul (3-punt) * 2 x Kragkoppe
3-Skaar Safim Skoffelploeg - soos nuut
1-Ton ripper (3-punt) * 8-Voet Skeperlem (3-punt)
Sweismasjien (3-punt) * No. 8 Handvleismeul
Emco Rex Elektriese Houtskaaf 260mm op 'n staander
Stihl Kettingsaag 085 - soos nuut * 2 x Rooikatvanghokke
Honda Hymech Sentrifugale Pomp - baie goeie toestand
Sentrifugale pomp - belt aangedrewe * 2 x Pypsnyers
Pelswasmasjien * Pelspers * Groot Pelskas * 22 Pelsmatte
Boerebederwer Vleissaag met No 22 meul * Konkreetmenger
Roomafskeier - baie goeie toestand * Windpompwerkgereedskap
10 Liter Roomkarring - baie goeie toestand

MEUBELS:

Elektriese Defy 973 Stoof met oond * Koolstoof - goeie toestand
2-Brander Gasstoof * Staycold Vrieskas (252 liter) * Minus 40 Yskas
Minus 40 Vrieskas * Bababad met staander * Bababed met matras
Babawaentjie * Baba-eetstoel * Singer Handnaaimasjien
Empisal Breimasjien op tafel * Columbus Stofsuier/Poleerder
Kamerstel (Spieëlkas * 2 Hangkaste * 2 x Linnekaste * Geweerkas
Imbuia Spieëltafel en stoele * Wastafel met marmerblad
Kantoorakke * Vleistafel * Eetkamertafel met 6 stoele * Gim-Trim
Kombuistafel met 6 stoele * Opwasbak en kas * 5 x Draadtafels
Tuintafel met 4 stoele * Akkerhout spieëltafel (Antiek) * 5 x Kroegstoeltjies
3 x Dubbelbeddens met matrasse * 3 Dreikwart beddens met matrasse
3 x Enkelbeddens met matrasse * Opvou bed met matras * Los stoele
Kenwood Voedselverwerker - baie goeie toestand * Kasradio
2 x Eetstelle * Algemene kombuistoebehore * Eisat TV-Skoffel

ALGEMEEN:

± 40 Telefoon houtpale
± 12 000m Telefoondraad
6 x 9-voet Hekke (nuut) * Draadtrekkers
9 x 5m Sinkplate (nuut) * Braairoosters
Asbesplate * Driepoot * Sandsif
3 x Kruiwaens * Tuinslange
Lek- en voersakke * Skagysters
4m Konweierbeltkrip (water - nuut)
Leer * Seeppot * 6dm Skoef * Katrolle
10 x 200 Liter skoon petrol- en dieseldrommme
8 - 200 Liter waterdromme * ± 80 Pype
3 x Pompe (diesel & petrol) * 2 x Steenvorms
2.40m x 1m Staal werkstafel
Glasdeur & Venters & Gaasdeur
Koevoet, voorpenne & balkrarre
Kampmateriaal * Lamspitbraai
5 000 Sementstene * Los gereedskap
Antieke 2-skaar Ploeg

GEWERE:

.22 Pistool * .22 BSA
.762 Musgrave enkelskoot Skyfgeweer
.303 No. 4 Mk2 Skyfgeweer
.303 P14

Deposito: N$ 500.00



EN NOG VELE MEER.....

Navrae:
Hendrik Botma: 063 - 252 859
George Pearson: 063 - 241 551 / 081 122 3623

GESAMENTLIKE PRODUKSIEVEILING

15 Oktober 2004 – 11:00 – Agra / Standard Bank Ring, Windhoek

Harde vleisbul

FW Redecker
(Tel: 062-503 769)

10 Bulle

IBENSTEIN SIMMENTALER

Wenner: Duitse Ambasadebeker - Windhoek Skou 2003

M Krafft (Tel: 062-573 507)

16 Bulle
15 Koeie *(3-4 jaar met kalwers)*

C Düvel (Tel: 062-560 002)

7 Bulle

Koop die regte bul van die regte ras, op die regte plek!

Navrae:
Kiep Lepen: 061 - 290 9220 / 0811 240 648 (E-pos: kiep@agra.com.na)
Eddie Reed: 061 - 252 606

AGRA Veilings: October 2004

Website: www.agra.com.na

Vrydag	01	Gobabis	10:00
		Grootfontein Kleinvee	10:00
Dinsdag	05	Gibeon, Mariental	10:00
Woensdag	06	Berseba, Keetmanshoop	10:00
		Kamanjab	10:00
Maandag	11	Windhoek Kleinvee	14:00
Dinsdag	12	Asab, Mariental	10:00
		Onderombapa, Gobabis	10:00
		Outjo	10:00
		Rehoboth Grootvee	10:00
Woensdag	13	Samehaling, Aroab	10:00
		Duikersvlei	10:00
		Grootfontein	10:00
Donderdag	14	Otjiwarongo	10:00
Dinsdag	19	Graal, Mariental	10:00
Woensdag	20	Bethanie	10:00
		Otavi	10:00
Donderdag	21	Sandputz, Keetmanshoop	10:00
Vrydag	22	Mariental	10:00
		Gobabis	10:00
Dinsdag	26	Keetmanshoop	10:00
		Outjo	10:00
		Okahandja	10:00
		Rehoboth Kleinvee	10:00
Woensdag	27	Karasburg	10:00
		Grootfontein	10:00
Donderdag	28	Nomtsas, Maltahöhe	10:00
		Otjiwarongo	10:00
Vrydag	29	Windhoek Grootvee	10:00